# SAGES Senior Golfers

## LAEVELD / LOWVELD

**NEWSLETTER / NUUSBRIEF SEPTEMBER 2025 NO.09/2025**

Partykeer verlang 'n mens mos? Jy weet nie presies na wat of wie nie, want iets of iemand kort. 'n Mens verlang nie na iets wat naby aan jou is nie of na iemand wat jy kan sien nie. Mens verlang of smag na iets ver terug of na iemand ver weg, of sommer net. As jy iets mis dan verlang mens.

Vat nou die pad suide toe. Een of ander tyd moet jy deur die Karoo ry om by die see uit te kom. 'n Hele halfdag dieselfde storie. 'n Pad so reguit soos 'n vioolsnaar bult oor en bult af. Heelpad blou koppies en tafelbladplat heuwels, vaal vlaktes, tolbosse wat in die warm wind rol en hier en daar troppies mofskape wat probeer wei aan die bossies wat op 'n afstand lyk na uitgedroogde spruitkool of broccoli, soos dit in engels genoem word.

Ou opstalle ver van die volgende plaas sin af met 'n verwaarloosde huis, 'n paar stokou bloekombome en een enkele stoor ver eenkant met 'n deurgeroeste dak. Dit flits by jou verby in sy eentonigheid soos wat mens verder suid ry. Hier en daar 'n windpomp en ver uitmekaar plaasnaamborde. Dieselfde as dit wat ek tien kilometer vroeer gesien het. Alles maar net so, met eensaamheid in hul eenkantheid en ek begin verlang.

'n Kerktoring in die verte! 'n Dorpie moet dit wees en dit is toe ook so. Die meeste van die dorpe is klein en dieselfde as die ander Karoodorpies. Geen verandering in al die jare se bestaan nie. Het jy deur een gery is dit asof jy by die volgende dorpie juis was, of so iets. Jy hou stil by een van die plekke om jou dors te les of net om bene te rek van die lang stilsit. As jy 'n geselsie met die plaaslike bewoners aan knoop, hoor jy die volgende: " Meneer, meneer lieg mos nou oor die alles dieselfde en die eentonigheid van die Karoo. Ons het dan sopas hierdie plek uitgeverf en die ou kafee hier langesaan het 'n nuwe eienaar uit Transvaal uit, meneer moet gaan kyk hoe lyk dit nou daar in daardie eetplek, en meneer, wanneer dit hier reën dan lyk die Karoo anders !"

Ek sê toe maar niks en vat die langpad verder die dorre landskap in.

Ja, 'n mens verdoesel en verdraai dalk maar die waarheid op 'n manier as mens verlang. Veral as mens na die Laeveld en sy mense verlang.

***

Ek verneem uit n betroubare bron dat die byeenkoms op Lydenburg lekker en geslaagd was. Ek het niks anders verwag nie, want daar gebeur elke keer goeie goed. Spyt my dat ek nie daar kon wees nie. 51 spelers het opgedaag waarvan 14 besoekers was.

- **BESOEKERS:**

Jaco Coetzer, Theo Potgieter, Wendy du Preez, Jakes Valley, Nolan van Staden, Leon Wait, Wouter Kotze, Dolf Maritz, Steve Bothma, Vuyile Resha, Alpheus Mabuza, Rudi Stabli, Andre du Plooy, Rian Schoeman

- **APOLOGIES:**

George du Toit, Ben Botha, Nico Koen, Jannie Liebenberg, Danie Swanepoel, Rudi van Wyk, Roelof Faurie, James Warrington, Christo Bouwer, Johan van Wyk, Leon du Plessis, DC Human, Japie en Sandy Myburgh, Schalk en Zelna Esterhuizen, Dawie v/d Merwe, Phillip Maritz, Gerhard de Jager, Lappies en Zonja Labuschagne, Daleen Taljaardt, Johan Aucamp, Archie Smuts, Robert v/d Westhuizen, Koot Bekker, Len Diedericks, Jakes Labuschagne, Pieter Breedt, Louis Raath, Dave Rothwell, Bob Thornley, Hennie Schoeman, Mxolisi Zwane, Herklaas du Preez.

- **BEDANKINGS:**

Sybrand de Fortier for the use of their facilities.
Catering sponsored by Liewe Lappies Labuschagne.
Organisering van die byeenkoms: Ockie Lombard, Jaap Combrinck, Bert Griesel.
Al die Lydenburg Sageslede wat bygedra het tot die pryse.
Al die Gholfklubs wat koopbewyse aangebied het vir 4 spelers om op te veil by die Cansa –veiling. Al die ander bydraers op die veiling, hetsy donasies of deelname. Nico Cross, bekend as die meester afslaer wat ook kan musiek maak.
Weereens baie dankie.

- **BIRTHDAYS:**

Verjaarsdae in Oktober

| | |
|---|---|
| Nico Koen | 08/73 |
| Nelius Potgieter | 11/56 |
| Jurgens de Jager | 15/58 |
| DC Human | 20/47 |
| Andre Appel | 22/62 |
| Louis Rautenbach | 26/59 |
| Kobus Smuts | 28/63 |
| Derick Wilson | 30/34 |
| Kobus Hugo | 31/68 |
| Leon du Plessis | 31/49 |

- **PERSONALIA:**

Welkom terug aan Cas Strydom na 2 jaar se afwesigheid.
Japie en Sonja Maritz wat terug gekeer het Laeveld toe, welkom!

- **WINNERS:**

Today's Competition: IPS.
Winners:
Wilma Griesel, Jakes Valley, Piet Burger, Andre du Plooy, Piet Atlas Alberts
Ockie Lombard, Kobus Hugo, Jurgens de Jager, Leon Smit, Bert Griesel

Spog twees: Theo Potgieter , Johan J van Rensburg, Jakes Valley. (LVM Balle)
Naaste aan pen: Peet Rabie en Leon Smit
Langste drywe: Jaco Coetzer en Bert Griesel
Meeste gholf: Louis du Preez
(KPL took the Flag)

- **SPONSORS:**

AQS POMPE - Steven Bellingham.
CRAZY STORE - Jan Balt
Jaco Coetzer en Nico Cross

- **GENERAL**:

Bedrag wat ingesamel is tydens Kansa dag sover: R 72,000

- **NEXT MEETING:**

Next meeting will be held at Sabie on 16th October 2025
Triangular at Middelburg on Tuesday 21st October 2025

Geseënd is die wat dankbaar en vergenoegd is, want dit is goed en aansteeklik en verander baie ander se uitkyk op die lewe. Is 'n klakous dankbaar?
Blessed and happy are those who are thankful, for their contentment and gratitude are contagious.

Walk tall! Mooi loop! Tot 'n volgende keer,
**Leon du Plessis**